

SnapScan is 'n gerieflike, veilige en vinnige toepassing ['app'] waarmee jy betalings met jou slimfoon kan maak.

Gebruik SnapScan om 'n betaling aan Kraggakamma Gemeente te maak deur die SnapCode in ons e-nuusbrief [kuberkamma](#) of afkondigings [kommunikamma](#) met jou slimfoon te skandeer:

Besoek www.getsnapscan.com om hierdie gratis toepassing af te laai.

Maak SnapScan oop op jou slimfoon. Hou jou selfoon oor die SnapCode . Druk op 'scan'. Tik die bedrag in wat jy wil oorbetal asook jou naam en allokasie van die bedrag, byvoorbeeld: Piet Smit Maandelikse dankoffer.

Verskaf jou unieke PIN om die transaksie te bevestig en te voltooi.

Let Wel: dis nie nodig om jou slimfoon se kamera oop te maak om die SnapCode te skandeer nie. Die kamera maak outomaties oop sodra jy 'scan' druk.

SnapScan is veilig

Dit word landwyd deur NG-gemeentes en ander kerke gebruik om maandelikse dankoffers, weeklikse offergawes, aankope, donasies, ensovoorts te betaal. Ander verbruikers sluit in: besighede, B&B, straatmarkte, restaurante, nie-winsgewende Organisasies, DStv en SABC.

Dit is veilig om te gebruik om verskeie redes, soos byvoorbeeld: jou PIN word met elke transaksie benodig. Jou kaart details word gekodeer [encrypted] en veilig op jou foon gestoor; selfs indien jou foon gesteel sou word, kan niemand jou kaart details bekom nie. SnapScan en handelaars ["merchants"] soos Kraggakamma Gemeente het geen toegang tot jou kaart of bank details nie.

Hoeveel kos SnapScan?

Daar is geen fooie betaalbaar wanneer jy SnapScan gebruik om 'n betaling te maak nie.

SnapScan betalings kan slegs aan geregistreerde SnapScan Handelaars ["merchants"] gemaak word. Gebruik die 'Merchant finder'-funksie van die toepassing om te sien wie die handelaars in jou onmiddellike omgewing is.

Moet ek 'n Standard Bank-rekening hê om SnapScan te kan gebruik? Nee, SnapScan is 'n produk van Standard Bank, maar dit werk met enige Visa of MasterCard kaart wat deur enige ander Suid-Afrikaanse bank uitgereik is asook met '3D Secure-enabled' internasionale bankkaarte.

Volledige inligting oor SnapScan en antwoorde op vrae soos byvoorbeeld: Hoeveel data gebruik SnapScan? Moet ek WIFI-toegang hê om SnapScan af te laai? Hoe stuur ek my bewys van betaling? Moet ek my bankkaart se PIN gebruik? [is hier beskikbaar](#). Vir meer inligting lees gerus die 6 [In the News](#) artikels.



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** met jou slimfoon om maandelikse dankoffers, aankope en donasies deur middel van **SnapScan** te betaal. www.getsnapscan.com